# Hoofstuk van die dag: Job 24

> *Waarom stel die Almagtige nie tye vas vir afrekening nie? Waarom moet dié wat Hom ken, tevergeefs uitsien na sulke dae? (vers 1)*

Job se frustrasie (sien gister) lê ook in die feit dat God skynbaar nie die goddelose kortvat in hierdie lewe nie (vers 1), ondanks die feit dat hulle die kwesbaarstes in die

samelewing vertrap. Daar kom wel 'n tyd van afrekening ná die dood (vers 24), maar tot dan maak en breek hulle soos hulle lus het.

In "Robinson Crusoe" deur Daniel Defoe gesels Robinson en Man Friday op 'n keer oor sonde en straf, en Man Friday wil weet, soos Job: Maar hoekom straf God nie die sondaars nie? Waarop Robinson antwoord: "En sê nou Hy begin by ons?"

Inderdaad. Dis maklik om God se wraak oor ander af te bid as jy vergeet dat jy self óók voor Hom sal moet verskyn. Buite Christus om is ook ons doemwaardig, al wil ons graag die splinters in ander se oë uitwys (Matt 7:3).

Petrus (2 Pet 3:9 ) skryf die uitstel van God se oordeel toe aan sy genade; Hy gee mense tyd om hulle te bekeer. Laat ons dit onthou voor ons die helse vuur op ander afbid. Los dit by God. Hy weet die beste.



© Bybelkoerant 2018 – 2026